










**Patroon vir No 2 op bl. 147**



# Badkamerweelde

**Op versoek van talle leseresse plaas ons dié week die patrone vir vier verskillende toiletstelle. Vir die wat van eenvoud hou, is daar ontwerpe met strak, reguit lyne en vir die wat nie beswaar het teen 'n bietjie opskik nie, is daar een met valletjies. Boonop kan jy kies of jy dit wil brei of hekel**

## 1. Kunstige kamoeflage!

### BENODIGDHEDE

Ongeveer 300 g Fiesta-4-draadwol in hoofkleur (dubbel gebruik); ongeveer 300g Fiesta-4-draadwol in kontraskleur; hekelpen 4,00 mm.
**Let Wel:** Indien jy wol enkel wil gebruik, kan Fiesta-Kwik-knit of -Pullskein gebruik word.

### AFKORTINGS

ks — kettingsteek; kb — kortbeen; hlb — halflangbeen; lb — langbeen; gst — glipsteek; herh — herhaal; sk(e) — skulp(e) (= 2 lb, 2 ks en 2 lb in dieselfde plek); st(e) — steek (steke); vlge — volgende; sp(s) — spasie(s); vermin — verminder; vermeer — vermeerder; H — hoofkleur; K — kontraskleur; dsl — dubbelslagsteek.

### HOE OM TE MAAK

Maak 36 ks en in 4e st vanaf pen werk 1 lb.
**1e Ry:** 1 lb in elke ks 32 maal, 1 lb in laaste ks, 3 ks, draai.
**2e Ry:** 1 lb op elke lb tot einde, 5 ks en draai.
**3e Ry:** slaan 3 lb oor, (sk in vlge lb, 3 ks, slaan 5 lb oor, sk in vlge lb, 3 ks) 3 maal, sk in vlg lb, 3 ks, 1 lb in 3e ks van 5 ks aan begin van rondte, 5 ks en draai.
**4e tot 8e Rye:** herh 3e ry.
**9e Ry: (sk op sk, 3 ks 2 maal, in vlge sk** werk 14 lb, 3 ks, (sk op sk, 3 ks) 2 maal, 1 lb in 3e ks van 5 ks aan begin van ry, 5 ks en draai.
**10e Ry:** (sk op sk, 3 ks) 2 maal, 1 lb op 1e lb, (1 ks, 1 lb op vlge lb) 13 maal, 3 ks, (sk op sk, 3 ks) 2 maal, 1 lb in 3e ks soos voorheen 5 ks en draai.
**11e Ry:** (sk op sk, 3 ks) 2 maal, 1 kb in 1-ks-sp van vorige ry, (3 ks, 1 kb in vlg ks-sp) 13 maal = begin van pynappel-sps, 3 ks, (sk op ks, 3 ks) 2 maal en eindig soos voorheen.
**12e tot 23e Rye:** soos 11e ry, maar vermin ks-sps oor pynapple-sps in elke ry (bv. 12e ry sal 12 ks-sps oor pynappel-sps wees, ens.)
**24e Ry:** (sk op sk, 4 ks) 2 maal, 4 ks, kb in 3-ks-sp van vorige ry, 4 ks, (sk op sk, 4 ks) 2 maal en eindig soos voorheen.
**25e Ry:** sk op sk, 4 ks, 2 lb in vlge sk-sp, 3 ks, 2 lb in vlge sk-sp, 4 ks, sk op sk, 4 ks, en eindig soos voorheen.
**26e Ry:** sk op sk, 4 ks, sk in 3-ks-sp tussen 2 lb van vorige ry, 4 ks, sk op sk, 4 ks, en eindig soos voorheen.
**27e Ry:** 2 lb in sk-sp, 2 ks, 2 lb in vlge sk-sp, 3 ks, 1 lb in 3e ks van 5 ks aan begin. Heg af.

**Omvourand**
Draai werk op sykant en in 2e ry lb aan begin van oortreksel heg wol aan en begin met 5 ks, 1 lb op vlge lb, 3 ks. Werk rondom (= 50sps), 5 ks en draai.
**1e Ry:** in elke ks-sp werk 2 lb en eindig met gs in 3e ks van 5 ks aan begin, 3 ks en draai.
**2e Ry:** 1 lb op elke lb (= 100 lb), en eindig met gs in 3e ks aan begin van ry.
**3e Ry:** soos 2e ry. Heg af.


**Koord**
Hekel koord en ryg deur laaste ry lb.
**Valletjie:**
(in K en met draad enkel)
Met werk steeds op sykant, vou oor en werk voort in ks-sps.
**1e Ry:** 3 ks (= 1e lb), 2 lb, 3 ks en 3 lb in elke ks-sp en eindig met gs in 3e ks aan begin van ry, draai.
**2e Ry: 4 ks (= 1e dsl), (1 dsl op lb) 2 maal, 7 dsl in 3-ks-sp, (1 dsl op lb) 3 maal, * 3 dsl op 3 lb, 7 dsl in 3-ks-sp, 3 dsl op 3 lb.**
**Herh vanaf * en eindig met gs in 4e ks aan begin. Heg af en las weer H aan.**
In 1e dsl van vorige ry, werk 2 ks (= 1e hlb) en 1 hlb, 2 hlb in elke dsl 14 maal, vang nou 1e hlb en trek deur albei ste, (2 hlb in elk van vlge dsl) 13 maal, vou nou kelkie in die helfte en vang ste van 1e kelkie en trek deur albei, * (2 hlb in elk van vlge dsl) 13 maal, vou nou vorige kelkie in helfte en vang ste van vorige kelkie en trek deur albei. Herh vanaf * tot einde en heg af.
**Let wel:** Wanneer kelkies gehekel word, moet een kelkie na bo val en die ander kelkie na onder val.

### TOILETPAPIER-OORTREKSEL

Maak 56 ks en gs in 1e ks om ring te vorm.
**1e Rondte:** in dieselfde plek as gs, werk 3 ks (= 1e lb), 1 lb, 2 ks en 2 lb (= sk gemaak), * 2 ks, slaan 5 ks oor, in 6e ks werk sk, 2 ks, slaan 5 ks oor, in vlge ks werk 2 lb, 4 ks en 2 lb, 2 ks, slaan 5 ks oor, sk in vlge ks, 2 ks, slaan 5 ks oor, sk in vlge ks. Herh vanaf * nog een maal en eindig met gs in 1e lb aan begin.
**2e Rondte:** gs tot in sk-sp, *sk op sk, 2 ks, sk op sk, 1 ks, in 4-ks-sp werk 7 lb, 1 ks, sk op sk, 2 ks. Herh vanaf * nog 1 maal en eindig soos in 1e rondte.
**3e Rondte:** gs tot in sk-sp, *sk op sk, 2 ks, sk op sk, 1 lb op vlg lb, (1 ks, lb op vlg lb) 6 maal, sk op sk, 2 ks. Herh vanaf * nog 1 maal en eindig soos voorheen.
**4e Rondte:** gs tot in sk sp, * sk op sk, 2 ks, sk op sk, kb in 1-ks-sp van vorige rdte, (3 ks, kb in vlge ks-sp) 5 maal, sk op sk, 2 ks. Herh vanaf * nog 1 maal en eindig soos voorheen.
**5e Rondte:** gs tot in sk-sp, *sk op sk, 2 ks, sk op sk, kb in vlge ks-sp, (3 ks, kb in vlge ks-sp) 4 maal, sk op sk, 2 ks. Herh vanaf * nog 1 maal en eindig soos voorheen.
**6e Rondte:** gs tot in sk-sp, *sk op sk, 2 ks, sk op sk, kb in vlge ks-sp, (3 ks, kb in vlge ks-sp) 3 maal, sk op sk, 2 ks. Herh vanaf * en eindig soos voorheen.
**7e Rondte:** soos 6e rondte, maar werk net 2 maal oor pynappel-sps,
**8e Rondte:** soos 6e rondte tot na 2e sk op sk, kb in vlge ks-sp, 3 ks, kb in vlge ks-sp, sk op sk en eindig soos voorheen.
**9e Rondte:** Soos 8e rondte met 1 kb in 3-ks-sp van pynappel van vorige rondte.
**10e Rondte:** sk op sk rondom en eindig soos voorheen.
**11e Rondte:** 2 lb in elke sk-sp. Heg af en ryg wol deur.
**Afwerking**
Werk bo-op, waar afgeheg en wol deurgeryg is, 'n valletjie met K 2 maal soos vir valletjie van sitplek, maar werk in die rondte.

### MATJIE


Maak 81 ks en in 4e st vanaf pen werk 1 lb.
**1e Ry:** 1 lb in elke ks tot aan einde (77 lb), 3 ks en draai.
**2e Ry:** herh 1e ry, 3 ks en draai.
**3e Ry:** 5 lb op 5 lb, (2 ks, slaan 5 lb oor, in 6e lb werk sk) 11 maal, 2 ks, 5 lb op 5 lb, 3 ks en draai.
**4e Ry:** 5 lb op 5 lb, (2 ks, sk op sk) 5 maal, 2 ks, in vlge sk-sp werk 2 lb, 9 ks en 2 lb, (2 ks, sk op sk) 5 maal, 2 ks, 5 lb op 5lb, 3 ks en draai.
**5e Ry:** 5 lb op 5 lb, (2 ks, sk op sk) 5 maal, in 9-ks-sp werk 14 lb (= begin van pynappel), (sk op sk, 2 ks) 5 maal, 5 lb op 5 lb, 3 ks en draai.
**6e Ry:** soos 5e Ry, maar werk 14 lb op 14 lb.
**7e Ry:** 5 lb op 5 lb, (2 ks, sk op sk) 5 maal, (oor pynappel-lb werk 1 lb, 1 ks) 13 maal, 1 lb in laaste lb, (sk op sk, 2 ks) 5 maal, 5 lb op 5 lb, 3 ks en draai.
**8e Ry:** 5 lb op 5 lb, (2 ks, sk op sk) 5 maal, 1 ks, (1 kb in 1-ks-sp, 3 ks) 12 maal (= sps oor pynappel-sps), 1 kb in vlge ks-sp, 1 ks, (sk op sk, 2 ks) 5 maal, 5 lb op 5 lb, 3 ks en draai.
**9 tot 18e Rye:** herh 8e ry, maar vermin ks-sps oor pynappel-sps in elke ry.
**19e Ry:** 5 lb op 5 lb, (2 ks, sk op sk) 5 maal, 2 ks, 1 kb in vlge ks-sp, 2 ks, (sk op sk, 2 ks) 5 maal, 5 lb op 5 lb, 3 ks en draai.
**20e Ry:** 5 lb op 5 lb, (2 ks, sk op sk) 10







**Patrone vir No 3 en No 4 op bl. 148**




maal, 2 ks, 5 lb op 5 lb, 3 ks en draai.
Herh 20e ry totdat werk 50 cm lank is (of langer, as dit verkies word).
**Vlge Ry:** 5 lb op 5 lb, (2 ks, sk op sk) 2 maal, 2 ks, 3 lb in vlge sk-sp, 3 ks en draai.
Herh hierdie ry 8 maal (= een kant op rondom toilet).
**Vlge Ry:** 3 lb op 3 lb, (2 lb in vlge sp, 2 lb op 2 lb, 1 lb in vlge sp, 2 lb op 2 lb) nog 1 maal, 2 lb in vlge sp, 5 lb op 5 lb, 3 ks en draai.
Herh hierdie ry nog 1 maal en heg af.
Om ander kant rondom toilet te maak, slaan 4 skulpe en ks-sps oor en heg nou wol aan vlge skulp en werk 3 lb en voltooi soos vir 1e sykant.
Met K, hekel nou rondom in hlb en heg af.

# 2. In vanjaar se modekleur

## BENODIGDHEDE

Vir hele stel word 16 bolle Fiesta-Kwik-knit van 25 g benodig: 7 bolle vir badmatjie, 6 bolle vir toiletmatjie, 3 bolle vir toiletoortreksel; 1 paar breinaalde 4,50 mm; 4,50-mm-hekelpen of 'n rondbreinaald vir randjie van oortreksel.

## AFKORTINGS

r — brei regs; aw — brei averegs; vermeer — vermeerder; vermin — verminder; beg — begin; tes — tesame; m 1 — maak 1 steek; ks — kettingsteek; kb — kortbeen; pat — patroon, ks — koussteek (brei).

## SPANNING

9 ste en 12 rye = 5 cm oor pat gewerk.

## GROOTTE

Toiletmatjie en oortreksel sal toilet van gewone grootte pas.
Badmatjie is 65 x 50 cm.

## PATROONSTEEK

**1e Ry:** r 2, aw 2 tot einde.
**2e Ry:** soos 1e ry.
**3e en 4e rye:** aw 2, r 2 tot einde.

## BADMATJIE

Met 4,50-mm-breinaalde, stel 88 ste op en werk in pat totdat werk 37 cm lank is.
**Vlg Ry:** (met regte kant na voor ná 4e ry van pat): aw.
**Vlg Ry:** vermeer in 1e st aw, aw tot laaste st, vermeer in laaste st aw.
**Vlg Ry:** vermeer in 1e st, r tot laaste st, vermeer in laaste st.
**Vlg Ry:** vermeer in 1e st aw, aw tot laaste st, vermeer in laaste st aw.
**Vlg Ry:** vermeer in 1e st, tot laaste st, vermeer in laaste st.
Vlge 3 rye r, en vermeer aan albei kante van elke ry.
Herh laaste 7 rye twee maal. Heg af.
Met regte kant na voor, tel op en aw 88 ste langs teenoorgestelde lang kant van mat.
Werk rand soos 1e kant van mat. Heg af.
Met regte kant na voor, tel op en aw 68 ste langs kort kant van mat en voltooi rand soos vir lang kante van mat. Heg af.
Voltooi tweede kant soos vir die eerste kant.
Werk rande plat by elke hoek.

## TOILETMATJIE

Stel 68 ste op en werk reguit in pat totdat werk 27 cm lank is.
Hou aan in pat soos volg:
**Vlg Ry:** pat 30 ste, heg 8 middelste ste af, pat tot einde.
Hou aan op laaste stel 30 ste vir eerste helfte. Hou aan in pat, maar heg 1 st af aan middelrand vir vlge 7 rye en dan aan dieselfde kant elke alternatiewe ry totdat 22 ste oorbly, en dan aan middelste rand elke 4e ry 2 maal. Hou reguit aan in pat vir nog 19 cm.
Heg af.
Las wol aan middelrand van oorblywende 30 ste. Voltooi soos vir eerste helfte.
Met regte kant na voor, tel op en r 68 ste langs onderste rand van mat.
Brei 3 rye (elke ry r), vermeer 1 st aan elke kant van elke ry.
Brei 4 rye in ks (1 ry r, 1 ry aw) en vermeer aan albei kante van elke ry.
Herh laaste 7 rye een maal en dan 3 rye r en vermeer aan albei kante van elke ry.
Heg af.
Met regte kant na voor, tel op en r 94 ste eweredig langs een sykant van mat.
Werk rand soos vir onderste rand, maar werk reguit na agterkant van mat.
Werk 2e rand soos 1e rand.
Werk rande aan voorkant met platnaat vas.
Indien verkies word, kan spons aan albei matjies gewerk word:
Gebruik matjies as patroon, sny spons uit en stik aan gebreide gedeelte vas.

## TOILETOORTREKSEL

Stel 32 ste op en hou aan in pat, maar vermeer 1 st aan albei kante van elke ry vir 4 rye, en dan aan albei kante van elke alternatiewe ry totdat daar 52 ste is.
Vermeer 1 st aan albei kante van elke vlge 3e ry totdat daar 58 ste is. Hou reguit aan vir nog 15 cm.
Vermin 1 st aan albei kante van vlge en elke daaropvolgende 3e ry totdat 52 ste oorbly.
Vermin 1 st aan albei kante van elke alternatiewe ry totdat 42 ste oorbly, dan aan albei kante van elke ry totdat 10 ste oorbly. Heg af.
As rondbreipen gebruik word, tel ry ste eweredig rondom buitenste boog van oortreksel op (nie aan reguit aanheg-rand nie).
**Vlge Ry:** aw 2 tes, m 1. Herh tot einde.

**Vlge Ry:** r.
Heg af.
As medium hekelpen gebruik word, werk 1 ry in kb eweredig rondom buitenste boog van oortreksel op (nie aan reguit aanhegrand nie).
**Vlge Ry:** 1 kb, * 1 ks, slaan 1 kb oor, 1 kb in vlge kb. Herh vanaf * tot einde.
Heg af.
Hekel of vleg koord van 120 cm lank. Ryg deur gaatjies om buitenste rand van oortreksel.
Trek oortreksel oor sitplek en trek koord styf en maak aan onderkant van sitplek vas.

# 3. In sagte blou getooi

## BENODIGDHEDE

200 g Fiesta-4-draad in hoofkleur, 50 g in kontraskleur; hekelpenne 2,00 mm en 4,00 mm.

## AFKORTINGS

ks — kettingsteek; kb — kortbeen; lb — langbeen; gs — glipsteek; herh — herhaal; vermeer — vermeerder; H — hoofkleur; K — kontraskleur; sp(s) — spasie(s).

## HOE OM TE MAAK

Met H en 2,00-mm-hekelpen, maak 24 ks en in 7e ks vanaf pen maak 1 lb, 2 ks, slaan 2 ks oor, 1 lb in vlge ks, tot einde. Daar moet dus 7 ks-sps wees. Gaan nou voort in rondtes en begin elke rondte met 3 ks, 1 lb in vlge ks-sp. Vermeer aan albei kante van rondte (om ovaal vorm te verkry) vir 13 rondtes. Heg nou K aan en werk 6 rye van 1 lb in ks-sp, 2 ks; maar laat 6 ks-sps aan een kant van ovaal uit. Hekel koord en ryg deur laaste ry gaatjies.

### Valletjies

Met 4,00-mm-hekelpen en H, werk van binneste ks-sps af in langlussteek (= om langlussteek te maak, trek steek ongeveer 2,5 cm op en werk kb in dieselfde steek, trek nog 'n steek dieselfde lengte op en werk kb in dieselfde steek. (Werk 4 langlussteke in elke ks-sp en 12 langlussteke op hoeke). Heg af.
Slaan 1 ry ks-sps oor en herh soos in vorige rondte. Hou so aan tot daar 7 valletjies gewerk is en heg af.

### Puntjies (om valletjies)

Met K en hekelpen 2,00 mm werk 1 kb in ks, * 3 ks en gs in dieselfde ks, 1 kb in vlge ks. Herh vanaf * en eindig met gst in 1e kb.
Heg af.
Werk al die valletjies dieselfde.

## TOILETPAPIER OORTREKSEL

Met H en 2,00-mm-hekelpen, maak 8 ks en gs in 1e st om ring te vorm.
**1e Rondte:** 4 ks, (1 lb in ring, 1 ks) 14 maal, gs in 3e ks aan begin van rondte.
**2e Rondte:** 4 ks (2 lb in elke ks-sp) tot einde en gs in 3e ks aan begin van rondte.
**3e Rondte:** gs tot tussen 2 lb, 4 ks, 1 lb in dieselfde plek, * slaan 2 lb oor, 1 lb, 1 ks en 1 lb tussen vlge 2 lb. Herh vanaf * en eindig soos voorheen.
**4e Rondte:** gs tot tussen 2 lb, 4 ks, 1 lb in dieselfde plek, * 1 lb in vlge ks-sp, 1 lb, 1 ks en 1 lb tussen vlge 2 lb. Herh vanaf * en eindig soos voorheen.
**5e Rondte:** Herh 4e rondte.
**6e Rondte:** gs tot in 1e ks-sp (tussen 2 lb), 4 ks, 1 lb in dieselfde plek, * (1 lb, 1 ks en 1 lb in vlge ks-sp). Herh vanaf * en eindig soos voorheen.
Herh 6e rondte 8 maal.
**14 Rondte:** 3 ks (= 1e lb) in 1-ks-sp, 2 ks, slaan 2 lb oor, 1 lb in vlge steek, en eindig soos voorheen.
Herh 14e rondte nog 2 maal. Maak koord en ryg deur laaste rondte ks-sps.

**Valletjies:**
In 14e rondte werk valletjie soos vir toiletoortreksel. In laaste rondte van hoofdeel (in ks-sps), werk nog 'n valletjie.
Werk randjie om valletjies soos voorheen. Maak koord met H en K saam en ryg deur ks-sps net voor valletjie.

## KLEEDJIE VIR TENK

Met H en 2,00-mm-hekelpen, maak 116 ks en in 7e ks vanaf pen werk 1 lb, 2 ks, slaan 2 ks oor, 1 lb in vlge ks, tot einde. Daar moet dus 35 ks-sps wees. Werk soos vir toiletoortreksel maar maak 4 valletjies.

# 4. Gehekelde ovaal toiletstel

## BENODIGDHEDE

16 bolle Fiesta Kwik-knit van 25 g: 8 bolle vir badmatjie, 5 bolle vir toiletmatjie, 3 bolle vir toiletoortreksel; hekelpen 5,50 mm.

## AFKORTINGS

ks — kettingsteek; kb — kortbeen; lb — langbeen; pat — patroon; beg — begin; sp(s) — spasie(s); vermeer — vermeerder; vermin — verminder; gs — glipsteek; vlge — volgende.

## SPANNING

6½ lb = 5 cm.

## GROOTTE

Toiletoortreksel en matjie sal 'n gewone toilet pas; grootte van badmatjie is 86 x 54 cm.

## BADMATJIE

Begin met 35 ks. 1 kb in 2e ks vanaf pen, 1 kb in elke ks tot by laaste ks, 3 kb in laaste ks, hou aan aan teenoorgestelde kant van ks en werk 1 kb in elke ks tot by laaste ks, 3 kb in laaste ks en gs in 1e kb om sirkel te vorm.
Werk nog 4 rondtes in kb met 3 kb in twee ent-kbs aan albei kante van ovaal en gs aan einde van elke rondte soos voorheen.
**6e Rondte:** 3 ks (= 1e lb), 1 lb in elke kb, maar werk 3 lb in twee ent-kbs aan albei kante van ovaal.
**7e Rondte:** 4 ks (= 1 lb en 1 ks), slaan 1 lb oor, *1 lb in vlge lb, 1 ks, slaan 1 lb oor. Herh vanaf * rondom en werk 1 lb, 1 ks, 1 lb, 1 ks in elkeen van twee lb aan albei ente van ovaal.
**8e Rondte:** 1 lb in elke lb en in elke kssp; en werk 3 lb in elkeen van 2 ks-sps aan albei kante van ovaal.
**9e Rondte:** soos 7e rondte.
**10e Rondte:** soos 8e rondte.
**11e Rondte:** soos 8e rondte.
**12e Rondte:** soos 7e rondte.
**13e Rondte:** soos 8e rondte.
**14e Rondte:** soos 8e rondte.
**15e Rondte:** 1 lb in elke lb, maar vermeer 6 lb eweredig aan albei kante van ovaal.
**16e Rondte:** soos 15e rondte.
**17e Rondte:** 4 ks (= 1 lb en 1 ks), *1 lb op lb, 1 ks, slaan 1 lb oor. Herh vanaf * tot einde, maar vermeer 6 lb eweredig aan albei kante van ovaal.
**18-21e Rondtes:** lb op elke lb, maar vermeer 6 lb eweredig aan albei kante van ovaal.
**22e Rondte:** 3 ks (= 1e lb), 3 lb in dieselfde lb, slaan 1 lb oor, gs in vlge lb, *slaan 1 lb oor, 4 lb in vlge lb, slaan 1 lb oor, gs in vlge lb. Herh vanaf * tot einde en gs in 3e st van 1e lb aan begin. Heg af.

## TOILETMATJIE

Begin met 53 ks, 1 lb in 3e ks vanaf pen, 1 lb in elke ks tot einde.
**1e Ry:** 4 ks (= 1 lb en 1 ks), * slaan 1 lb oor, 1 lb in vlge lb, 1 ks. Herh vanaf * en eindig met 4 ks en draai.
**2-3e Rye:** 1 lb op lb, 1 lb in ks-sp, tot einde. Hierdie 3 rye vorm pat.
Herh pat-rye 4 maal en eerste 2 rye nog 1 maal.
**Vlg Ry:** (fatsoenering); 3 ks (= 1 lb), 1 lb in vlge 20 lb, vermin oor vlge 2 lb, draai.
Hou aan op hierdie gedeelte.
Gaan reguit voort in pat, vermin 1 lb aan binnekantste boog op vlge 4 rye.
Hou reguit aan vir nog 19 cm. Heg af.
Las wol aan buitenste kant van tweede helfte, 3 ks (= 1 lb), 1 lb in vlge 20 lb, vermin oor vlge 2 lb, draai.
Voltooi soos vir eerste helfte. Heg af.
Heg wol aan boonste hoek van hierdie gedeelte vas en werk eweredig rondom in kb. Heg af.
Heg wol nou aan buitenste regterkant vas en werk 1 ry in kb eweredig rondom (aan twee kante en aan onderkant van mat) met 3 kb in elke hoek.
**Vlg Ry:** 3 ks (= 1e lb), 1 lb in elke kb en 3 lb in elke hoek.
**Vlg Ry:** 4 ks (= 1 lb en 1 ks), *slaan 1 lb oor, 1 lb in vlg lb, 1 ks. Herh vanaf * rondom en werk 1 lb, 1 ks en 1 lb in elke hoek lb.
**Vlg Ry:** 1 lb in lb, 1 lb in ks-sp en in hoeke werk 3 lb in ks-sp.
**Vlg Ry:** 1 kb in elke lb en 3 kb in albei hoeke. Heg af.

## TOILETOORTREKSEL

Begin met 28 ks, werk 1 lb in 3e ks vanaf pen en 1 lb in elke ks tot einde.
Werk nou in pat (2 rye lb, 1 ry lb met 1 ks, 3 rye lb en 1 ry lb met 1 ks) soos vir toiletmatjie.
Hou aan met pat maar vermeer 1 st aan albei kante van vlge 8 rye.
Werk nog 9 rye reguit.
Vermin 1 st aan albei kante van vlge 9 rye. Heg af.
Heg wol aan regterkant van reguit onderste kant en werk 'n ry kb eweredig rondom.
**Vlg Ry:** 3 ks (= 1e kb en 1 ks), *slaan 1 kb oor, 1 kb in vlge kb. Herh vanaf * rondom. Heg af.
Hekel koord ongeveer 120 cm lank en ryg deur gaatjies aan buitenste rand. ●